

# SONDAG 19 OKTOBER 2014.

## Waarheen is ons op pad? (Dankdiens/Matrieks)

**TOETERDINGSLIED:** Gesang 162:1, 2 en 3 (Met Adelle as voorsanger)

**VOTUM:** "Dit gaan goed met die mens vir wie die Here uitkies en laat naderkom om in sy tempel te bly. Laat ons die goeie dinge in sy huis in oorfloed geniet, die goeie dinge in sy heilige woning"

**SEËN:** "Gemeente, genade en vrede vir julle van God, ons Vader, Jesus Christus, die Here en die Heilige Gees." Amen.

### **OUDERLING:**

**Lofsang:** Gesang 207:1, 4 en 5

### **Wet:**

Gemeente, die Here het ons bevry van die feit dat ons as mense vasgevang was in die mag van die sonde. Galasiërs 5:1 stel dit duidelik dat Christus ons vrygemaak het sodat ons werklik vry kan wees. Die Here het alreeds in Eksodus 20 gesê dat Hy die God is wat mense vrymaak. So het Hy dit bewys deur die volk Israel uit Egipte te bevry. En toe eendag, by die berg van Sinai, lees ons in Eksodus 20, gee Hy vir Moses twee kliptafels waarop die Tien Gebooie neergeskryf is. Daarmee het God vir die volk van Israel en vir ons as sy kinders kom sê:

As jy vry wil bly,

1. dan moet jy naas My geen ander gode hê nie;
2. dan mag jy nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak en dit vereer of dien nie;
3. dan mag jy die Naam van die Here jou God nie misbruik nie;
4. dan moet jy sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou en daarop rus;
5. dan moet jy jou vader en moeder eer;
6. dan mag jy nie moord pleeg nie;
7. mag jy nie egbreek pleeg nie;
8. mag jy nie steel nie;
9. mag jy nie valse getuienis teen ander gee nie;
10. en mag jy nie begeer nie.

### **Skuldbelydenis:**

As ons onself eerlik ondersoek voor die spieël van God se Woord, sal ons sien dat ons ons vryheid in hierdie week wat verby is telkemale prysgegee het. Soos

Galasiërs 5:1 dit verder stel, het ons onself weer onder 'n slawejuk laat indwing. Kom ons bely dit voor die Here. Kom ons sing Gesang 232:1

### **Genadeverkondiging**

Broers en susters, op grond van die oneindige groot liefde en genade van die Here, kom verseker God ons in 1 Johannes 2:1 dat Hy ons vryspreek: *'En as een van ons sondig — ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader.'* Almal wat vrygespreek is, bely opnuut hulle geloof in die Drie-enige God. Kom ons bely ons geloof:

### **Geloofsbelydenis**

'Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;  
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;  
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;  
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;  
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel,  
dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.  
Ek glo in die Heilige Gees.  
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;  
die vergewing van sondes;  
die opstanding van die vlees en  
'n ewige lewe. Amen

Ons het ons geloof bely. Kom ons bid en vra dat die Here ons vrede sal gee om altyd so te leef dat ons hierdie geloof sal uitleef. Ons sing Gesang 284:1, 2 en 3.

### **SKRIFLESING:** Psalm 31

Gemeente! Dit is die Woord van die Here. Sy Woord is die lig op ons pad!

### **GEBED:**

**SANG:** Gesang 450:1 en 2

### **PREDIKING:**

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:** In die erediens vanoggend gaan dit oor die vraag: "Waarheen is ons op pad?"

Ons gee aandag aan die vraag op drie vlakke:

1. Dit is vandag in die kerk die Biddag vir die gesaaides en Dankdag vir die oes. Dit gaan daaroor dat ons erken dat ons afhanklik is van die Here wat vir ons sorg, want sonder die Here se versorging van byvoorbeeld reën, sal daar nie oeste wees op die boere se gesaaides nie en sal ons nie voedsel hê om van te lewe nie. As dit droog is en daar is min reën, soos tans die geval is, of die ekonomie is moeilik en laat mense in groot ekonomiese nood – is die vraag: “Waarheen is ons op pad?”
2. Ons wil ook as Gemeente vanoggend vir die Here dankie sê vir sy liefde aan ons as gemeente. Ons sê dankie dat die Here ons seën met sy teenwoordigheid en versorging, sodat ons as gemeente sy Woord mag hoor en diensbaar mag wees vir Hom. Tog gaan ons as Gemeente, soos die kerk oral in die wêreld ook gebuk onder druk van ’n wêreld wat nie meer luister na die stem van die kerk nie. Ons moet ook voortdurend daarteen waak om nie die verkondiging en die uitleef van die Evangelie ondergeskik te maak aan ons pogings om finansieel te oorleef nie. Daarom is die vraag ook aan ons: “Waarheen is ons op pad te midde van ons dankbaarheid?”
3. Ons matrikulante: Corlia, Joanel, Talitha, Jano, Brandon, Brian en Phillip begin hierdie week in alle erns met hulle finale matriekeksamen. Voor elkeen van hulle lê ’n nuwe toekoms. Die vraag is: “Waarheen is hulle op pad? of elkeen van hulle moet vandag vra: “Waarheen is ek op pad?”

Broeders en susters, liewe kinders, matrikulante – Gemeente van ons Here Jesus Christus. Indien ’n mens jou die een of ander rede op die 6de Augustus van enige jaar in die stad Hirosjima sou bevind, word jy getuie van ’n merkwaardige ritueel. Om presies 8:15 vm. Begin die klokke orals in die stad lui, kom alles en almal tot stilstand. Motors stop summier. Bestuurders sit met geboë hoofde agter hul stuurwiel. Orals, in die wolkekrabbers en die restaurante, op straat en in parke gaan mense botstil staan, of bly hulle doodstil sit. Vir die oningeligte buitestander mag dit lyk asof ’n soort massa hipnose almal oorval het, asof ’n ganse stad skielik in ’n stemming van diep bepeinsing gedompel is....

Wat gaan aan? Dié mense roep ’n ander 6 Augustus in herinnering, en ’n ánder 8:15 vm., ’n dag en uur wat sekerlik as een van die donkerste datums nie alleen in die geskiedenis van hierdie stad nie, maar waarskynlik ook die van die hele mensdom beskryf sou kon word – 6 Augustus 1945, toe die atoombom om presies 8:15 vm. Bokant Hirosjima ontplof en in ’n waansinnige oomblik nagenoeg honderd duisend mense uitgewis het, en etlike duisende ander tot ’n bestralingsdood of – verminking verdoem het.

Wanneer die inwoners van Hirosjima met hulle geboë hoofde in stilte staan, is dit omdat hulle op hulle horlosies kyk en hulleself en mekaar daaraan herinner, en vir die hele wêreld sê: So 'n uur mag daar nóót, nóót weer in die geskiedenis van die stad of die mensdom aanbreek nie. Nóóit!

Geliefdes in die Here! Wie bepaal, wat gebeur met wie, wanneer op hierdie aarde? Dis 'n vraag wat alle mense, bewustelik of onbewustelik, van tyd tot tyd vra. Moontlik is dit 'n vraag wat jy op die oomblik vra. As jy stil word en dink aan jou lewe en jy onthou dae en ure van jou eie lewe – wat was dit wat jou eie lewe gevul het met hartseer, blydschap of dankbaarheid? Die noodlot? Die mens? Of was dit sommer maar net 'n paar oomblikke toe die uurglas van jou vreugde eenvoudig leeggeloopt het of die geluksgodin aan jou kant was? Was dit 'n oomblik wat dalk die gevolg was van ander mense se optrede? Erger nog: Was dit dalk die vrug van jou eie skuld en verkeerde optrede en bose handeling wat vir jou hartseer en pyn gebring het? Ja, wie, of wat, hou nou eintlik die tyd van jou lewe in die hande en wat bepaal waarheen jy op pad is?

Die digter van Psalm 31 het ook by geleentheid hieroor gewonder. Soos wat die geval is met baie van die ander Psalms, weet ons nie wat presies die historiese agtergrond van al sy vrae is nie. Wat ons wel uit die Psalm self kan aflei, is dat Hy bedreig gevoel het deur 'n klomp vyande wat hom omring het, 'n bedreiging wat hom emosioneel en self fisiek afgetakel het. Daarom roep hy uit: Vers 10-14

Op die oog af lyk dit asof die Psalmdigter se vyande die mense was wat sy lewe bepaal het. Asof dit hulle was wat bepaal het wat die volgende oomblik of tydperk met hom sou gebeur. Maar, wat bely hy? Een van die aangrypendste en bekendste uitsprake in die Bybel: *“Maar ek vertrou op u Here, ek sê: U is my God. My tye is in U hand.”* (vv 15-16)

My ure is in God se hand. Van die kleinste onderdeel, tot die groter raamwerk van my aardse tyd, is in God se hand! Die volgende sekonde, die volgende keer wanneer ek my oë knip, of wat my hart klop, of ek asem haal, is in God se hand! Die volgende uur. Die volgende dag en nag, die volgende winter, lente, somer, herfs is in God se hand! My kwartaaltye, eksamentyd, klastyd, werkstyd, die rooi omkrings op my kalender, die inskrywings op my dagboek, die afsnydatums en die spertye; die datum vir my mediese uitslag van toetse wat gedoen is; die tyd vir my werksonderhoud ... is in God se hand! Die swaarkry tye en die voorspoedtye, die jongmenstye en die oud word tyd, die geboorte tyd en die sterwenstyd, verlede, hede, toekoms, eindtyd – tot in ewigheid – dit is alles in God se hand!

Geliefdes in die Here, jou en my tyd is nie in die hande van die noodlot, of ons vyande óf die bose nie. Dit is nie hulle wat die mes lig, die sneller trek, die motor se band laat bars nie. Dit is ook nie hulle wat die atoombom se knoppie druk en

wat die laaste sekonde van duisende mense se lewens laat aanbreek het nie. Jou en my tye is nie in ons program se hande nie – hoe onmoontlik dit ook al vir sommige van ons mag klink! – anders sou hierdie teksvers nie in die Bybel gestaan het nie – of sou ons dit onmiddellik moes uitskeer. Nee jou en my tyd is veral – Goddank – nie in óns hande nie. Ons tye is in God se hand!

‘n Mens sou natuurlik verkeerd kon verstaan en as volg redeneer: Wel as dit dan so is dat die volgende sekonde en die volgende oomblik van my lewe vooruit geprogrammeer en vas gestel is, wat help dit dat ek teen die prikkels skop? Wie kan God stop as Hy so besluit het? Wat gebeur, sal gebeur, en wie sal dit kan keer?

Wanneer ons so redeneer, word ons blote handpoppe van God in sy hande. En dit is nie waar nie. Wie dié Psalm so lees en verstaan, het dit maar net half gelees en mis die wonderlike balans wat daar in die Psalm na vore kom. Kyk ons mooi na die Psalm sien ons dat daar reeds aan die begin van die Psalm ook ‘n ander, eweneens aangrypende en bekende uitspraak voorkom, naamlik: *“In u hande gee ek my lewe oor.”* (vers 6)

Hoor jy! **My tye is in God se hand, maar ek gee ook my tye oor in God se hand!**

Langs die sterfbed van menige mense is al die woorde gehoor: In u hande gee ek my gees oor. Wanneer ek en jy op die dag van die kruisiging van Jesus op Golgota kon wees, sou ons die Seun van God tydens sy laaste oomblikke ook hoor uitroep: *“Vader, in u hande gee Ek my gees oor.”*

Wanneer die atoombom van God se oordeel bokant sy kop bars, gee Christus sy tye, en daarmee saam ook óns tye, in God se hande oor .....

Begryp jy dit? – Liewe Matrikulant? Begryp jy dit? - Dankbare lidmaat en kind van God? Begryp jy wat nou daar sit en dink aan jou nood en hartseer en droefheid, dit? **Jou tye is in God se hande**, daarom, om Jesus ontwil: **Géé ook jou tye in God se hande oor.** Doen dit wanneer jy die nuwe dag of week moet aanpak, wanneer jy die moeilike situasie moet hanteer, wanneer die tye waarin jy leef jou benoud maak. Wanneer jy bang is, dink hieraan: dieselfde hande wat duisend miljoen Melkwegstelsels gemaak het, wat ons planeet aarde in die Melkwegstelsel geplaas het as ‘n spikkeltjie tussen miljoene ander sterre – daardie selfde hande hou jou vas! Dieselfde hande wat die ragfyn vlerkies van ‘n vlieg en die gekromde snawel van ‘n valk gemaak het, wat die bonkige berge op hulle basisse geplaas het en die blou lug geskep het om met stapelwolke daarin te speel .... hou jou in die holtes vas!

En, asof dit nie genoeg is nie, net om seker te maak dat jy nooit uit God se hande se greep sal glip nie, om te waarborg dat niemand of niks jou ooit uit sy hande se greep sal ruk nie, stuur God ook nog sy Seun om sy hande om jou te kom slaan, sy verwonde, verlossende hande. Kyk, hiervan kan jy absoluut seker wees: Jou paar uurtjies op hierdie aarde, jou klein lewensloop is in God se hande! In hierdie nou is God se hande rondom jou!

Het God dan hande? Ja, God het hande, en wel ook gans andere, veel beter, veel behendiger, veel sterker hande as hierdie hande van ons. Maar, wat beteken: God se 'hande'? Laat ek dit eers so sê: God se hande is sy daad, sy werke, sy woorde, wat ons almal, of ons dit nou wil weet of nie, van alle kante wil omsluit, dra en vashou. Maar ook dit kan net simbolies verstaan word.

Daar kom egter 'n punt waar die simboliese ophou, en die kwessie van God se hande woordeliks ernstig word – daar waar alle daad, werke en woorde van God begin, voortgang en doel het: God se hande is die hande van ons Heiland Jesus Christus. Dit is die hande wat Hy wyd uitgesprei het toe Hy geroep het: Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is, en ek sal julle rus gee. Dis die hande waarmee Hy die kindertjies geseën het. Dis die hande waarmee Hy aan siekes geraak het en hulle genees het. Dis die hande waarmee Hy die brood gebreek het en aan vyfduisend in die woestyn uitgedeel het, en ook weer aan sy dissipels kort voordat Hy gesterf het. Dis uiteindelik die hande wat tot versoening van ons almal aan die kruis genael is.

“My broer en suster, liewe jongmense, dis die hande van God; die sterk Vaderhande, die goeie, sagte, teer Moederhande, die troue, behulpsame Vriendelike hande, die Gods-hande waarin ons tye en onself is .....

“Hy het gesê: Niemand sal julle ooit uit my hande ruk nie. Hoor julle dit: niemand, geen mens en geen engel en geen duiwel, ook nie my sonde en die dood nie! Niemand kan en sal my uit sy hande ruk nie ... In hierdie Gods-hande is ek gebore, is ek opgetel, is ek gered.”

Ek weet nie presies wat jou kalender of afspraakboekie hierdie week vir jou inhou nie. Ek weet nie wat jou ure gaan vul nie. Ek weet nie waarheen jy op pad is nie. Trouens, ek weet nie hoeveel ure daar nog vir jou en my op aarde oor is nie. Wat ek wel weet, is dat ons in 'n gebed stemming omgeskakel behoort te word, dat ons die hoofde in stilte moet buig en ons na ons horlosies moet kyk (soos die inwoners van Hiroshima):

- nie bloot in herinnering aan die donker ure van gister en eergister nie,
- nie bloot in 'n oomblik van dankbaarheid nie,
- nie omdat my matriekeksamen soos 'n berg voor my lê nie,

- nie net omdat ek vandag aan die Here moet lof toebring omdat Hy vir my sorg nie,
- en ook nie net omdat ons vandag saam met die kerk 'n biddag en dankdag het, nie,

Maar omdat ek en jy in erkentlikheid teenoor die Here God, die Koning van die eeue, lof en dank wil bring.

Waarheen is ek op pad? ..... Wanneer ek God vandag dank vir sy versorging.  
 Waarheen is jy op pad? ..... Wanneer jy in die week gaan begin eksamen skryf en wanneer jy vroeg in 2015 jou uitslae gaan kry.

Waarheen is ons op pad? ..... Wanneer ons vanoggend die Here dank vir sy goedheid en genade aan ons as gemeente van sy kerk.

Ek sal nie weet nie. Jy sal nie weet nie en ons sal nie weet nie. Nie voor ons stil geword het om te bely: *"... ek vertrou op U, Here, .... U is my God. My tye is in u hand."*

Luister! Die klok wat ons hiertoe oproep, lui helder. Hoor jy dit?

Was die tyd om jou tyd in God se hande te plaas al ooit ryper .... as nou? Amen.

**GEBED:**

**SLOTSANG:** Gesang 579:1, 2, 3 en 6

**SEËNBEDE:** Die Here julle sal seën en beskerm. Die Here sal tot julle redding sal verskyn en julle genadig wees. Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee."

**SANG:** Gesang 314